# e-Matieland

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

LENTE 2015 • #2




## VANUIT DIE ALUMNI-KANTOOR

Sedert ons laaste nuusbrief in Junie 2015 was die Universiteit gereeld in die nuus – alhoewel nie altyd vir die regte redes nie.

Maar op 'n positiewe noot, het ons verskeie toekennings gewen waaronder vir uitnemendheid in innovasie en die uitsonderlike prestasies van ons academici en atlete. En in Julie het 'n hofuitspraak oor skuldbevele ten gunste van 'n aansoek deur ons Regshulpkliniek die lewens van baie arm mense verander.

Bestuur het ook oor die afgelope paar maande 'n Transformasie Kantoor op die been gebring; R70m belê in die diversifisering van sy personeelkorps; en 'n taakspan aangestel wat sal fokus op die praktiese implementering van die taalbeleid.

Intussen is alle oë die afgelope ruk op die *Open Stellenbosch*-groep en die *Luister* video gerig. Prof Wim de Villiers het dit duidelik gemaak dat Bestuur nie afsydig staan teenoor die kwessies wat in die video aangeraak word nie. Klik **hier** vir 'n video waarin hy Bestuur se standpunte oor transformasie duidelik maak.

Geniet hierdie uitgawe van e-*Matieland*.

# Transformasie en meertaligheid kry hupstoot

Die Universiteit Stellenbosch (US) gaan hom toespits op die konsekwente en moontlik versnelde implementering van die goedgekeurde Taalbeleid en Taalplan. Dié evolusionêre proses sal monitering en die regstelling van knelpunte insluit, en pertinent aandag gee aan die behoeftes van studente wat meen dat taalimplementeringsprosesse hul akademiese prestasie nadelig raak. Daar word 'n Kantoor vir Transformasie gevestig en 'n Transformasiekomitee is reeds gestig.

Dit was van die aankondigings deur prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, in 'n prioriteitsbulletin wat onlangs per epos aan personeel en studente gestuur is.

Die Universiteitsbestuur het teen die einde van die eerste semester onderneem om aan die begin van die tweede semester te reageer op voorstelle wat vanuit die kampusgemeenskap ontvang is, onder meer oor meertaligheid, transformasie en die herinstelling van die pos van Studentedekaan.

'n Taakgroep is besig om prioriteitaandag te gee aan die praktiese toepassing van meertaligheid, en studentegroepe is in Augustus na 'n gesamentlike om-die-tafel-gesprek genooi om verbetering in die implementering van die leer- en onderrigtale te bespreek.

Naas die Kantoor vir Transformasie en die Transformasiekomitee, sal die US ook herbesin oor die statutêre rol van die Institusionele Forum ten opsigte van transformasie en word 'n Navorsingsleerstoel in Versoening en Transformasie by die US in die vooruitsig gestel.

In Augustus het die Universiteit ook aangekondig dat daar vir die volgende drie jaar R68.6 miljoen aan die diversifisering van sy personeelkorps bestee sal word. Dié bedrag word uit die Universiteit se Strategiese Fonds bewillig, en is bykomend tot die normale personeelbegroting.

Boodskappe uit die rektor se kantoor

# NUUSFLITSE

## Nuwe navorsingsleerstoele

Die US en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) het onlangs twee navorsingsleerstoele – een in Kwantum-, Optiese- en Atomiese Fisika en een in Kunsmatige Intelligensie bekendgestel.



Die leerstoel in Kwantum-, Optiese- en Atomiese Fisika sal in die Fakulteit Natuurwetenskappe gehuisves word, terwyl die Kunsmatige Intelligensie-leerstoel in die Departement Inligtingswetenskap in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe gesetel sal wees. Dr Hermann Uys, 'n fisikus by die WNNR en die US, en prof Arina Britz, die WNNR/Sentrum vir Kunsmatige Intelligensie Navorsing se verteenwoordiger by die US, sal die onderskeie leerstoele beklee.

## Nuwe generasie akademici

Die US het vyf poste in die regering se Program vir 'n Nuwe Generasie Akademici (nGAP) ontvang. Dié toekennings is in Ekonomie, Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese, Anatomie en Histologie, Wiskunde en Maatskaplike Werk.

Die nGAP is een van vyf programme van SSAUF (*Staffing South Africa's Universities Framework*) afgestem op uitbreiding van die grootte en samestelling van die akademiese personeelkorps by Suid-Afrikaanse universiteite – veral wat betref transformasie. Die fokus van die program is die aanstelling van swart en bruin kandidate asook die aanstelling van vroue.

## Gebeure

22 September New York alumni-byeenkoms. Kontak: alumni@sun.ac.za

21 Oktober, Rektor in Hong Kong. Kontak: alumni@sun.ac.za

4 November, Ingenieurs-geleentheid (Gauteng). Kontak: alumni@sun.ac.za

5 November, Konvokasie-Vergadering @ 19:00. Kontak: alumni@sun.ac.za

19 November Fakulteit AgriWetenskappe gholfdag. Kontak: Carin Bruce; cbruce@sun.ac.za

# NUUSFLITSE

## US bring hulde aan 'ikoniese' Johan Degenaar



"Prof Johan Degenaar was 'n ikoniese figuur wat denke help vorm het – nie net aan die Universiteit Stellenbosch waar hy lank gedoseer en navorsing gedoen het nie, maar veel wyer." Dit is hoe prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, gereageer het op die nuus van die afsterwe van prof Degenaar in Julie.

Degenaar, wat 89 was, was een van Suid-Afrika se mees invloedryke filosowe. Degenaar het vir 42 jaar aan die US klasgegee tot en met sy aftrede in 1991. Hy het meesters- en doktorsgrade aan die US behaal en in 2002 het die US hom met 'n eredoktorsgraad vereer.

## Hou jou oog op die bal

Werk hard en hou jou oog op die bal; moenie skaam wees om hulp te vra nie en onthou dat onderrig 'n manier is om jou omstandighede te verbeter. Dit was die advies aan 14 PSG Groep beurslening ontvangers wat onlangs genooi is na die kantore van die beleggingsbeheermaatskappy in Stellenbosch.

Die ontvangers, almal studente aan die US wat studeer in velde wat wissel van Tale, Medies, Ingenieurswese, Aktuariële Wetenskap tot Regte, het die geleentheid gehad om hul weldoener en stigter van die PSG Groep, mnr Jannie Mouton, te ontmoet, asook sy vrou Deidre, seun Piet, die uitvoerende hoof van PSG, en Vuyo Mzini, 'n voormalige beurshouer en nou beleggingsontleder by dié maatskappy.

Negentien Matie-studente ontvang tans finansiële ondersteuning van PSG, danksy die PSG/Jannie Mouton Beursleningsprogram aan die US. Dié program is in 2007 op die been gebring toe mnr Mouton (in sy persoonlike hoedanigheid) en die PSG Groep elk 100 000 PSG aandele aan die US geskenk het wat op meriete as studiehulp in die vorm van lenings of beurse aan behoeftige en/of begaafde studente aangewend word.

## Beurse kan tot beter toekoms lei

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het 'n inisiatief bekendgestel wat die studie- en verblyfkoste van talentvolle voorgraadse studente uit voorheen benadeelde gemeenskappe tot nul verminder wanneer hulle aan dié Fakulteit studeer. Die aankondiging val saam met die Fakulteit se 90ste bestaansviering vanjaar.

"Een van ons grootste uitdagings is om die fakulteit meer toeganklik te maak vir studente en personeel uit alle gemeenskappe," het prof Stan du Plessis, dekaan van die fakulteit, gesê. Elke Projek Zero-beurs is 'n spesiale toekenning wat op akademiese meriete berus. Die waarde daarvan is sowat R90 000 per jaar vir drie jaar.






## Op 'n hoë noot

Wanneer jy die fliek *Hollywood in my Huis* kyk, luister gerus so 'n bietjie fyner na die klankbaan. Die Universiteit Stellenbosch Studio by die Konservatorium het die musiek vir dié Afrikaanse romantiese komedie gemaak, wat vroeër vanjaar in teaters begin draai het. "'n Mens assosiëer nie gewoonlik popmusiek met die musiek departement nie, maar dit was 'n lekker uitdaging om 'n popmusiekklankbaan vir 'n film te doen," sê Gerhard Roux, wat aan die hoof van die Studios staan. Dié Studios is die kommersiële opname fasiliteit van die US se Departement Musiek wat spesialiseer in die produksie van musiek vir films, advertensies, sowel as kommersiële klassieke en populêre musiekalbums.

# NNS vereer US-navorser



Dr Oonsie Biggs, 'n navorsingsgenoot by die Sentrum vir Kompleksiteitsisteme in Oorgang aan die US, en ook 'n navorsingsleier by die Stockholm Resilience Centre, het onlangs 'n gesogte P-gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang vir haar voortreflike navorsing oor sosiaal-ekologiese verskuiwings en hul impak op ekosisteme.

Navorsers met 'n P-gradering toon potensiaal om in die toekoms internasionale leiers in hul vakgebied te wees op grond van navorsingsuitnemendheid en -uitsette vroeg in hul loopbane. Daar is tans 371 NNS-gegradeerde navorsers by die US waarvan drie 'n P-gradering het.

Biggs is 'n skrywer van formaat met 'n groeiende internasionale profiel. Sy het reeds 40 artikels, waarvan sommige in internasionaal-erkende tydskrifte, en 25 boekbydraes die lig laat sien. Biggs het ook verskeie internasionale navorsingsgenootskappe ontvang en as studieleier vir magister- en doktorale studente opgetree.

# Ramela beweeg vorentoe




Wanneer die Cape Cobras-kolwer en US-student Omphile Ramela (27) oor krieket praat, verwys hy daarna as 'n vervoermiddel – die vervoerband wat hom plekke geneem het waar hy dalk nie andersins sou gegaan het nie.

Dit het hom juis onlangs na Indië geneem, waar hy Suid-Afrika as deel van die SA A-span verteenwoordig het in 'n driehoekige 50-beurtreeks teen Indië A en Australië A, en ook in twee nie-amptelike vierdagtoetse teen Indië A.

Hierdie krieketspeler wat in Soweto gebore is, se talent is deur die Bakers Minikrieket-program ontdek toe hy nog op laerskool was en hy het die geleentheid gekry om graad 5 tot graad 7 by St Peter's in Johannesburg te voltooi. Van daar het hy na St John's College gegaan, weer eens te danke aan krieket.

In 2008 het krieket Ramela na Stellenbosch gebring, waar hy 'n lid en later kaptein van Maties Krieket se eerste span geword het. Maar sy fokus was nie net op krieket nie. Hy het sy BA-graad en twee honneursgrade, een in Filosofie en een in Ekonomie, behaal. In 2015 het hy ingeskryf vir 'n meestersgraad in Ekonomie, met 'n fokus op ekonomiese geskiedenis.

# US-viskenner kook met nuwe resepteboek




Henk Stander, die algemene bestuurder van die Afdeling Akwakultuur in die Departement Veekundige Wetenskappe, is 'n man wat jou alles kan leer oor hoe om met vis te boer. Daarby kan hierdie kosliefhebber jou sommer 'n resep of twee ook gee om 'n stukkie vis of seekos ten beste voor te berei. Nie verniet het hy dus nou saam met die Stellenbosse koskenner Susina Jooste 'n nuwe resepteboek, *Die Suid-Afrikaanse Vis- en Seekoskookboek*, geskryf nie. Dié sagtebandboek van 160 bladsye word in Engels en Afrikaans deur LAPA Uitgewers gepubliseer, en is tans in boekwinkels beskikbaar.

# Hofuitspraak oor skuldbevele wys US se impak

Die Hooggeregshofbeslissing op 8 Julie 2015 ten gunste van die Regshulpkliniek van die US se aansoek oor besoldigingsbeslagleggingsbevele (BBB's) "is 'n uitbeelding van ons strewe om 'n positiewe impak op die samelewing te maak".

Só het prof Wim de Villiers in reaksie op die uitspraak gesê.

Sakevrou Wendy Appelbaum, was die dryfveer agter die saak. Sy het die Regshulpkliniek in 2012 genader toe daar BBB's teen van die werkers op haar wynplaas, De Morgenzon, bekom is.

Die Regshulpkliniek was die eerste applikant in die saak, tesame met 15 van sy kliënte – plaaswerkers, skoonmakers en veiligheidswagte van die omgewing wat om hulp aangeklop het nadat mikroleners hofbevele teen hulle bekom het om beslag te lê op 'n groot deel van hul salarisse.

Regter Siraj Desai van die Hooggeregshof in Kaapstad het die betrokke BBB's as "onwettig" en "ongeldig" verklaar. Hy het voorts ook bevind dat sekere bepalings van die Wet op Landdroshowe strydig met die Grondwet is.

- **Klik hier vir die volledige uitspraak.**

# Fotogallery



Alumni en donateurs help die US om 'n verskil te maak in die samelewing, het prof Wim de Villiers by 'n onlangse geleentheid in Johannsburg gesê. Die geleentheid, geborg deur die lewensversekering en batebestuur maatskapy Liberty, het die Rektor die geleentheid gebied om alumni en potensiële donateurs te ontmoet en kwelvrae te beantwoord. (Foto: Verskaf)



Innovus is met die Organisational Award for Excellence in Innovation Management vereer by die jaarlikse Departement van Wetenskap en Tegnologie en SARIMA (Suider-Afrikaanse Navorsings- en Innovasiebestuur-vereniging)-toekennings vir Uitnemendheid in Navorsings- en Innovasiebestuur. Hier ontvang Anita Nel die toekenning van Minister Naledi Pandor. (Foto: Jack La Grange)



Die Alumni-kantoor het Vrouedag in styl gevier met goeie geselskap en lekker wyn. Die sprekers by die geleentheid met die tema "Die vrou van die wynstok", was Norma Ratcliffe van Warwick-wynlandgoed, Rose Jordaan van Bartinney, wynmaker Nomonde Kubheka en sakevrou Wendy Applebaum van De Morgenzon-wynlandgoed. (Foto: Anina Fourie)

Klik hier vir 'n video van die geleentheid.



Metanoia-koshuis het 'n suksesvolle 10-jaar reünie in Julie gehou. Die Meta-alumni is getrakteer op 'n huisdans, middagete, "quad" partytjie en 'n toespraak deur Metanoia se eerste koshuishoof, Dr Jerome Slamat. (PinkDot Photography)



'n Gedenkplaat ter ere van HF-Verwoerd is teen die einde van Mei van die Rekeningkunde en Statistiek gebou op die Stellenbosch-kampus verwyder. Die gedenkplaat is vervang met 'n plaket van die Suid-Afrikaanse vlag, as 'n simbool van eenheid, sowel as 'n verklaring van die eenheid. Hier is studenteleiers Stefan Laing en Farai Mubaiwa.

Klik hier vir 'n video van die geleentheid.

# Grootste fees van sy soort *in Afrika*

Sedert sy ontstaan in 2004 het die jaarlikse Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees (SIKMF) gegroei tot die grootste fees van sy soort in Afrika – én een van die US se grootste kunsteprojekte.

Die SIKMF, wat vanjaar van 3 tot 12 Julie in die US Konservatorium gehou is, het 'n nederige begin gehad toe twee klavierdosente, proff Nina Schumann en Luis Magalhães, besluit het om 'n fees te skep waar musiekstudente opleiding in die kuns van kamermusiek kan kry.

In 2004 het minder as 100 studente na die 10-dae lange fees gekom, maar sedertdien het die SIKMF so gegroei dat daar vanjaar sowat 300 studente van regoor Afrika deelgeneem het. En dit groei steeds.

Benewens meesterklasse en lesings vir die studente, word aand-, etensuur- en studentekonserte daagliks gehou. Al hierdie konserte trek vol sale van musiekliefhebbers van Stellenbosch en omstreke.

Die 10 aandkonserte is die fees se hoogtepunt. Dit spog met verskeie Suid-Afrikaanse en wêreldpremières van kamermusiekwerke wat deur 30 gerekende musici van regoor die wêreld in die Endlersaal uitgevoer word.

"Ons konserte is spesiaal omdat dit die gehoor aan nuwe musiek bekend stel wat nog nooit voorheen in hierdie land uitgevoer is nie, asook musiek deur eietydse komponiste. In elk van die SIKMF se konserte hoor jy 'n verskeidenheid van musiekstyle uit verskillende eras," sê Schumann, tans die SIKMF se Artistieke Direkteur.

Feesdirekteur Peter Martens voeg by: "Dít is wat die SIKMF se reeks konserte anders maak as enige ander konsertreeks in Suid-Afrika. Boonop sorg ons dat nuwe musiek geskep word aangesien ons elke jaar 'n versoek aan 'n Suid-Afrikaanse komponis rig om 'n opdragwerk te skryf wat tydens die fees gespeel word."

As deel van sy opvoedingskomponent het die SIKMF vanjaar vir die eerste keer 'n internasionale beurskompetisie aangebied – die grootste enkele Suid-Afrikaanse beurse vir oorsese musiekstudies. Die pianis Megan-Geoffrey Prins, 'n US-alumnus, het R200 000 losgeslaan vir sy studies aan die Cleveland Institute of Music in Amerika.

"Dit het ooglopend geword dat ons innoverend sal moet wees as ons die momentum wil handhaaf wat die SIKMF oor die afgelope jare opgebou het. Ons moes dus 'n prys aanbied wat alle huidige plaaslike kompetisiepryse oortref. En hierdie beurskompetisie was die antwoord," vertel Martens.

Dit is duidelik dat die SIKMF met sy beurse, musiekopvoeding en konsertreeks nie net 'n betekenisvolle bydrae tot die lewens en loopbane van uitstekende musiekstudente uit Afrika maak nie, maar ook klassieke musiek in Suid-Afrika én Afrika bevorder.

KLIK OM TE KYK:
'BEHIND THE MUSIC'



*Die Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees is op soek na borge en ondersteuning om hierdie inisiatief in die toekoms te kan voortsit. Indien jy wil bydra, e-pos Sonia Schoeman gerus by sonia@sun.ac.za.*



Die bekroonde Megan-Geoffrey Prins tree op. (Foto: Bakkes Images)

# Manenberg se trots

Kleintyd in bendegeteisterde Manenberg op die Kaapse Vlakte wou Randall Ortel 'n vullisman of 'n taxibestuurder word. Danksy 'n studiepolis en 'n beurs, tesame met 'n goeie dosis harde werk, het hy hom egter in 2010 aan die Universiteit Stellenbosch as 'n dokter bekwaam. Deesdae werk dié 30-jarige as 'n beroepsgeneeskundige en maak hy 'n positiewe verskil in die einste gemeenskap waarin hy grootgeword het.



### Waarom het jy gekies om in Manenberg te woon en te werk?

Die gemeenskap het 'n groot behoefte aan so 'n diens, en ek voel tuis hier. Die meeste akademies suksesvolle mense verlaat die gebied om verskeie redes. Myns insiens is dít nie goed vir die ongeskoolde mense wat agterbly nie, want dan is daar niemand wat namens hulle kan praat nie. Ek sê nie ek kan die hele Manenberg op eie houtjie verander nie, maar ek kan ten minste 'n bydrae lewer tot 'n model om mense te ondersteun en niks terug te verwag nie. Dit verskaf my groot vreugde as mense, nadat ek vir hulle voorspraak gedoen het, hulle doelwitte en oogmerke bereik. Gemeenskapswerk neem baie van jou tyd in beslag, maar terwyl ek die energie het, wil ek soveel moontlik doen.

### Wat of wie inspireer jou om 'n verskil te maak?

Alle eer aan my Skepper vir die inspirasie. As 'n spirituele persoon, put ek ryke beloning en seën daaruit om goed te doen aan mense. Ek kry my natuurlike inspirasie daaruit om mense van hulle regte, maar veral ook hulle verantwoordelikhede te leer.

Oor die hele wêreld, waar jy ook al reis, tref jy die grootste leiers onder gewone mense aan. Verandering word teweeggebring déúr die mense, vír die mense – die leier fasiliteer dit net.

Dis ook vir my inspirerend om te sien hoe mense vooruitgang maak en hulleself verbeter, en die komplimente van medegemeenskapslede help natuurlik ook. Ek geniet ongelooflike respek in die gemeenskap, wat ek volgens my nie verdien nie, maar dit is hulle manier om dankie te sê.

### Vertel ons meer van jou beroepslewe.

Ek het by GF Jooste-hospitaal in Manenberg begin werk, maar nadat dit teen die einde van 2013 gesluit is, het ek besluit om in die staatsdiens aan te bly. Die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid het my as 'n mediese beampte in die substruktuurgebied Klipfontein-Mitchells Plain aangestel. In my vrye tyd locum ek in die privaat sektor vir die Mediclinic Groep. Ek het ook my eie privaat praktyk in Manenberg, maar ek doen hoofsaaklik huisbesoek.



### Hulle sê "eenmaal 'n Matie, altyd 'n Matie". Stem jy saam?

Natuurlik, ja. Ek is reeds weer by die US ingeskryf vir 'n twee jaar lange nagraadse diploma in beroepsgeneeskunde en sal na verwagting teen einde 2015 gradueer. Ek oorweeg ook die MMed in Beroepsgeneeskunde, maar dít sal van finansiering of 'n borgskap afhang.

### Watter raad het jy vir jongmense wat met swaarkry te kampe het?

Jou probleem is nie so groot as wat jy dink nie. Daar's altyd iemand met groter uitdagings, en daar is ook altyd hulp beskikbaar as jy soek en vra. Niks in die lewe wat die moeite werd is, is maklik nie. Jy moet bereid wees om te swoeg en te sweet vir dit wat jy wil hê – vir jou studie, vir jou sportprestasies of vir wat ook al jou loopbaan vereis. Daar is nie kortpaaie in die lewe nie, en wanneer jy uiteindelik jou doel bereik, maak dit jou ook nie noodwendig gelukkig nie, maar jy sal nooit die reis vergeet nie.

# Bly in verbinding

Hulle maak seker jy kry die jongste nuus oor jou alma mater, uitnodigings na belangrike geleenthede en hulle baan selfs die weg vir langverlore vriende en selfs geliefdes om weer te ontmoet ... dis alles in 'n dag se werk vir die dataspan in die Universiteit Stellenbosch se Afdeling Ontwikkeling & Alumni-betrekkinge.

Vir langer as 'n dekade reeds soek en versamel Malena Fourie, Jill Moses en Junita Isaacs die jongste kontakbesonderhede van alumni, en gaan hulle foutiewe e-posadresse telefonies of op die internet na.

"As jy dink jou inmandjie gaan skielik oorloop van onwelkome e-posse as jy ons jou kontakbesonderhede gee, dink gerus weer. Jy vind baat daarby om in verbinding te bly. Ons hou jou nie net op hoogte van ontwikkelings by die US nie, maar sal ook weet waar om jou in die hande te kry as jou vriende dalk 'n klasreünie reël. Ons kan jou ook na netwerkgeleenthede in jou gebied nooi, veral as jy oorsee woon of werk," sê Fourie, wat aan die hoof van die Datakantoor staan.

Sy erken dis nie altyd 'n maklike taak nie, want kontakbesonderhede verander gedurig. Maar met foonoproepe en internetsoektogte sorg die span dat alumni in verbinding bly – wat alles die moeite werd maak. Volgens Fourie word die ingesamelde data in tersaaklike datalyste opgeneem, wat fakulteite, departemente en koshuise dan kan gebruik om met hulle oudstudente te kommunikeer. In pas met wetgewing oor databeskerming word hierdie inligting veilig en vertroulik op die Universiteit se alumnidatabasis bewaar.

As jy jou besonderhede moet bywerk, kan jy dit op een van 'n hele paar maniere doen, sê Fourie.



Die dataspan is Jill Moses, Malena Fourie en Junita Isaacs. (Foto: Stefan Els)

Op ons webtuiste:
http://www.sun.ac.za/english/alumni/
(Versoek bloot 'n gebruikersnaam en wagwoord by alumni@sun.ac.za)

http://www.sun.ac.za/matieland/vorm
(Hier kan jy ook aandui hoe jy jou eksemplaar van Matieland wil ontvang)

As jy wil, kan jy jou bygewerkte besonderhede en vrae na alumni@sun.ac.za stuur. Ons span hou hierdie inmandjie daagliks dop, so jou navraag sal so gou moontlik aandag ontvang.

Ons ontvang ook graag jou oproep. Bel ons gerus by +27 21 808 2709/10

Alumni-betrekkinge
Universiteit Stellenbosch
Privaat Sak X1
Matieland
7602

## GEE AAN MY FAKULTEIT

Ons is trots op ons alumni wie hul merk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis sowel as op internasionale vlak gemaak het, hetsy dit in die wetenskapveld, politiek, sport, ekonomie of kunste is … dink maar aan Sherylle Calder, Riaan Cruywagen, Japie Van Zyl, Edwin Cameron, Ernst van Dyk, Thabo Mbeki (eredoktor – 2004), Ruda Landman, Athol Fugard (eredoktor – 2006), Marlene Dumas, Helen Suzman (eredoktor – 2006) en Naledi Pandor.

Jy kan jou fakulteit ondersteun - al is jy ook aan die anderkant van die aardbol! Om 'n skenking te maak, klik op die naam van die land waar jy woon.



# Russel Botman Beursfonds

"Die Universiteit Stellenbosch sal voortgaan om prof Russel Botman se visie te vervul om hierdie instelling van sukses na beduidendheid te neem sodat ons relevant vir die mense van ons land en vasteland kan wees," het prof Wim de Villiers, op die eerste herdenking van prof Hayman Russel Botman se dood gesê.

Prof Botman was halfpad deur sy tweede termyn as Rektor en Visekanselier van die US toe hy onverwags op 28 Junie 2014 in sy slaap oorlede is.

Die Botman-familie het die publiek, personeel, studente en alumni aangemoedig om 'n skenking te maak aan die Russel Botman Beursfonds (RBBF) as 'n blywende huldeblyk aan hom. Dié Beursfonds het op sy 60ste verjaardag op 18 Oktober 2013 totstand gekom.

"Russel was altyd passievol oor toegang tot die Universiteit vir studente wat andersins nie die geleentheid sou hê om aan 'n wêreldklas instelling te studeer nie. Hierdie Beursfonds is die ideale manier om Russel se nalatenskap te vier en gee ons die geleentheid om sy droom te verwesenlik van 'n beter toekoms vir die volgende generasie," het dr Beryl Botman, weduwee van prof Botman, gesê.



Om 'n aanlynskenking te maak klik **hier**.
Vir direkte inbetalings is die besonderhede: Standard Bank, rekeningnommer 07 300 695 5 en takkode 05 0610. Die verwysing Botman moet asb bygevoeg word.

**Alumni Office**
**Murraystreet 12, Stellenbosch 7600**

+27 21 808 9266
+27 21 808 8405

Stellenbosch University Alumni (Maties) and Friends

www.facebook.com/stellenboschalumni

www.twitter.com/SU _Alumni

YouTube

alumni@sun.ac.za

www.sun.ac.za/afrikaans/alumni